

DIE REG OM PERSOONLIKE INLIGTING TE VERWYDER WAT DEUR DIE SOLIDARITEIT SKOLEONDERSTEUNINGSENTRUM EN SY AFFILIATE VERWERK OF GESTOOR WORD

VERSOEKVORM

Die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum erken u reg om te versoek dat enige persoonlike inligting wat ons oor u stoor, te verwyder. Ons onderneem om so vinnig as moontlik, in elk geval binne een maand na ontvangs van die vereiste dokumente, u inligting te verwyder.

Die inligting wat u in hierdie vorm verskaf, sal slegs gebruik word vir die identifisering van die persoonlike data wat op u versoek verwyder moet word. U is nie verplig om hierdie vorm te voltooi nie, maar dit sal die proses vergemaklik en versnel.

AFDELING 1: BESONDERHEDE

VAN DIE PERSOON WAT INLIGTING VERSOEK

Volle naam:

Posadres:

Telefoonnommer:

E-posadres:

AFDELING 2: IS U DIE DATASUBJEK?

Lees asseblief die instruksies wat volg en merk die toepaslike blokkie.

- Ja, ek is die datasubjek. Ek heg as bewys 'n afskrif van my identiteitsdokument hierby aan.
- Nee, ek tree namens die betrokke datasubjek op. Ek tree volgens skriftelike magtiging op en het die bewys van die betrokke persoon se identiteit en my eie identiteit hierby aangeheg (kyk onder).

Om te verseker dat ons die data van die regte persoon verwyder, vereis ons dat u bewys lewer van u identiteit asook van u geregistreerde adres. As ons nie tevrede is met u bewys van identiteit nie, behou ons die reg voor om u versoek te weier.



AFDELING 3: BESONDERHEDE VAN DIE DATASUBJEK

(INDIEN VERSKIL VAN AFDELING 1)

Volle naam:

Posadres:

Telefoonnommer:

E-posadres:

AFDELING 4: REDE VIR VERSOEK

Gegewe die sensitiewe aard van die verwydering van persoonlike data, moet ons sekere voorwaardes nakom voordat ons u versoek kan oorweeg. Verskaf asseblief geldige redes waarom u wil hê dat u data uitgegee moet word en heg asseblief enige stawende dokumente aan.

Merk asseblief die toepaslike blokkie:

- Ek voel dat my persoonlike data nie meer nodig is vir die doeleindes waarvoor dit oorspronklik ingesamel is nie.
- Ek stem nie meer in tot die verwerking van persoonlike data nie.
- Ek maak beswaar teen die verwerking van persoonlike data in terme van my regte soos in die POPI-wet vervat.
- Ek voel dat my persoonlike data onwettig verkry of verwerk is.



- Ek voel dat julle onderworpe is aan regsverpligtinge onder internasionale reg, en in die besonder die EU, en dat julle verplig is tot die verwydering van my persoonlike data.
- Ek is die ouer/voog van 'n minderjarige kind en trek my toestemming terug.
- Ek was 'n kind ten tye van die dataverwerking.

AFDELING 5: WATTER INLIGTING WIL U UITVEE?

Omskryf en definieer asseblief al die inligting wat u wil verwyder. Verskaf enige relevante besonderhede wat sal help om die inligting te identifiseer. (Die verskaffing van die URL vir elke skakel wat u wil verwyder, sal nuttig wees.)

Verduidelik, indien dit nie baie duidelik is nie, waarom die gekoppelde bladsy oor u of die persoon wat u op hierdie vorm verteenwoordig, verwyder moet word.



AFDELING 6: VERKLARING

Let asseblief daarop dat enige poging om ons te mislei tot vervolging kan lei.

Ek bevestig dat ek die bepalings van hierdie vorm gelees het en dit verstaan en verklaar dat die inligting wat in hierdie aansoek verskaf word, waar is. Ek verstaan dat dit nodig is om my/die betrokke persone se identiteit te bevestig en dat dit nodig mag wees om meer besonderhede te verkry ten einde die korrekte persoonlike data op te spoor.

Geteken: Datum:

DOKUMENTE WAT HIERDIE AANSOEK MOET VERGESEL:

- Bewys van identiteit (Kyk Afdeling 2)
- Bewyse van die datasubjek se identiteit indien dit namens die datasubjek gedoen word (Kyk Afdeling 3)
- Magtiging van die betrokke datasubjek om namens hom/haar/hulle op te tree (Indien van toepassing)
- Regverdiging/Motivering vir die verwydering van data (Kyk Afdeling 4)

